Lidmaat NG Kerk Barkly-Oos

KERKHERENIGING.

1. Die dokument is vir my as leek grotendeels onverstaanbaar. Wat presies behels die sogenaamde verbintenis of hereniging van Kerke, in leketaal?
2. Hoekom moet kerke herenig? Waar en by wie het die idee of gedagte ontstaan?
3. n Mens kry die idee dat die mense van die sinodes,of die wat in die topstruktuur sit,alreeds klaar besluit het wat die uitslag moet wees.
4. Pasop dat die hele herenigingsgedagte tesame met die belydenis van Belhar, nie n meesterplan van die Satan is om wel die kerk te skeur nie.
5. Verskillende kultuurgroepe binne hierdie kosbare werkende struktuur,gaan nooit werk nie.Skryf maar hierdie woorde op en liaseer dit.Dit gaan net vir n rukkie werk en dan word alles weer verpolitiseer.Die minderheid wat finansieël en huishoudelik gevestig is, sal met verdrag deur die meerderheid oorheers, uitgestem word en op die ou einde verantwoordelik wees vir die vaartbelynde finansiële bestuur van die struktuur, sowel as die finansiële las. Dis maklik om `n gevestigde struktuur te laat pa staan vir jou onvermoë om jou eie strukture te beplan, te vestig , te bestuur of op te rig.
6. Die begerigheid van sekere partye om Kerke te herenig, het niks met die gedagte te doen, van ons dien dieselfde Here nie. Is daar nie `n ander agenda ter sprake nie? Gaan dit nie hier oor; ons moet herenig, want `n sekere groep kan hulself nie vestig nie? Nou moet hulle by `n gevestigde groep en sy finansies inskakel, om te oorleef.Nou sal hulle die meerderheid wees en nou sal hulle aan die gevestigde minderheid kom voorskryf, wat die rolverdeling moet wees.
7. Soos ons maar almal al gewoond geraak het in die nuwe SA, sal ook hierdie inisiatief later deurspek wees met politiek. Die gevestigde minderheid sal die ongevestigde meerderheid finansieël moet ondersteun en bewaar dan die gevestigde minderheid se siele as hulle dit nie kan bybring nie.Dit is dan wanneer diskriminasie weer die wagwoord gaan word en daar is dit. Daar begin die konflik en skeuring.
8. Hierdie herenigingsproses kan nou dalk wel van die grond af kom, maar kyk mooi die meerderheid gaan hulle nie by al die bepalings enduit hou nie. Konflik kom.
9. Los die ding uit, ons kan mos almal dieselfde Here onverstoord binne ons eie gevestigde strukture, tradisies en kultuur dien.

TERUGVOER – KONSULTASIE OOR KERKHERENIGING

Barkly-Oos Gemeente, Wyke 5 en 6

Kommentaar oor die konsensus-Model:

Daar is breë konsensus in hierdie wyke dat enige model wat 'n vaste, strukturele eenheid voorstel nie in die huidige politiek-sosiale klimaat aanvaarbaar kan wees nie aangesien dit persepsies versterk dat blanke Afrikaners se lewensruimte en kultuur op allerlei maniere en terreine van hulle vervreemd word.

Voorstelle oor die Model

Die betrokke wyke stel voor dat 'n samebindende Algemene Sinode nie deel van die onderhandeling sal wees nie, maar dat daar alternatiewe strukture en samewerkingsooreenkomste geskep moet word waardeur ons wesenlike eenheid in Christus geleef en uitgedruk kan word.

NG Kerk Barkly-Oos Wyke 16, 17, 18.

Konsultasie oor Kerkhereniging

Daar bestaan verwarring oor waaroor ons konsulteer word. Die Sinode(s) het hulle reeds verbind aan kerkhereniging en reeds met die drie ander kerke gesprek gevoer. Wat wil hulle nou van ons weet en sal dit enigsins 'n verskil maak aan verdere gesprekke? Wie het in die eerste plek die inisiatief geneem om kerk hereniging voor te stel? Hoekom word ons nou eers geraadpleeg as die saak reeds so ver gevorder het?

Twee verskillende maar sterk menings het na vore gekom met min of meer dieselfde steun vir albei gedagtes.

1. Staak alle verdere gesprekke en behou die status quo.

2. Gaan voort met verdere gesprekke MAAR onder die volgende onondelhandelbare voorwaardes.

    a. Ons taal moet behoue bly.
    b. Ons manier van godsdiens beoefening moet vorentoe behoue bly (Kultuur)
    c. Ons bates moet in ons naam bly
    d. Ons moet in die toekoms outonoom bly.

Die Belharbelydenis is nie 'n struikelblok nie mits alle lidmate on die voorsieinbare toekoms die vryheid het om dit te aanvaar of te verwerp nie, soos die huidige voorstel lui nie.

Die voorgestelde model wat betrekking het op die samestelling van meerdere vergaderings (Ring en Sinodaal) is aanvaarbaar maar gemeente eredienste moet op die huidige basis behoue bly. (Daar word nie gepraat van nuwe lidmate nie maar meer die 'styl' van die eredieinste.)

Gesamentlike projekte is aanvaarbaar maar elke geval sal op meriete beoordeel word.

Ons het te min inligting om ons uit te spreek oor versoening tussen twee van die vier kerke soos uit die dokumente blyk.

Die nuwe naam van die 'Herenigde Kerk' sal eers pertinent word indien kerkhereniging 'n werklikheid word.